




"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlijkheid van die HERE jou agterhoede wees."

28 Augustus 2022

MY BUURMAN SE BYBEL VOETSPORE

Wie volg jy na? (Die 4 P's)

1 - Parents, 2 - Peers, 3 - Professors (Teachers), 4 - Public

Skrif: 1 Kor 11:1

1953

WEES my navolgers, soos ek dit ook van Christus is.

DB

In 'n neutedop: julle moet doen wat ek doen, net soos ek doen wat Christus doen.

TPT

Head Coverings

I want you to pattern your lives after me, just as I pattern mine after Christ.

- *Daar is mense wat in jou voetspore volg, of jy dit wil hê of nie.*

1. Voetspore wat lewens verander.

Luk 10:30-37

1953

30En Jesus antwoord en sê: 'n Sekere man het afgegaan van Jerusalem na Jérigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê.

31En bygeval het 'n priester met daardie pad afgekom, en toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby.

Wat moes die priester eintlik gedoen het?

Heb 5:1-3

1 WANT elke hoëpriester wat uit die mense geneem word, tree ten behoeve van mense op in die dinge wat in betrekking tot God staan, om gawes en offers vir die sondes te bring

2 as een wat kan saamvoel met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self ook met swaakheid bevange is.

3En daarom juis moet hy, net soos vir die volk, so ook vir homself vanweë die sondes offer.

Priester is deur God geroep

32En net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan.

Wat was die doel van die Leviet gewees?

Num 8:9-11

9 En jy moet die Leviete voor die tent van samekoms laat nader kom en die hele vergadering van die kinders van Israel versamel.

10Dan moet jy die Leviete voor die aangesig van die Here laat nader kom, en die kinders van Israel moet hulle hande op die Leviete lê.

11En Aäron moet die Leviete as beweegoffer beweeg voor die aangesig van die Here namens die kinders van Israel, sodat hulle daar kan wees om die dienswerk van die Here te verrig.

Leviet is om dienswerk te verrig

33Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel,

Samaritaan was heiden gewees.

34en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg.

Hy het hom innig jammer gekry, empatie getoon, gestop, hulpbronne aangebied en dit het hom geld gekos. Om mense te help kos tyd, geld en inspanning.

35En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.

36Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?

37En hy antwoord: Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het. Toe sê Jesus vir hom: **Gaan en doen jy net so.**

AMPLIFIED

Parable of the Good Samaritan

30Jesus replied, "A man was going down from Jerusalem to Jericho, and he encountered robbers, who stripped him of his clothes [and belongings], beat him, and went their way [unconcerned], leaving him half dead.

31Now by coincidence a priest was going down that road, and when he saw him, he passed by on the other side.

32Likewise a Levite also came down to the place and saw him, and passed by on the other side [of the road].

33But a Samaritan (foreigner), who was traveling, came upon him; and when he saw him, he was deeply moved with compassion [for him],

34and went to him and bandaged up his wounds, pouring oil and wine on *them* [to sooth and disinfect the injuries]; and he put him on his own pack-animal, and brought him to an inn and took care of him.

35On the next day he took out two denarii (two days' wages) and gave them to the innkeeper, and said, 'Take care of him; and whatever more you spend, I will repay you when I return.'

36Which of these three do you think proved himself a neighbor to the man who encountered the robbers?"

37He answered, "The one who showed compassion *and* mercy to him." Then Jesus said to him, "**Go and constantly do the same.**"

DB

30 Jesus antwoord toe met 'n verhaal: “Weet jy, eendag was daar 'n man wat van Jerusalem na Jerigo toe gestap het. Langs die pad het 'n klomp rowers hom ingewag en hom behoorlik toegetakel. Hulle het hom ernstig aangerand, al sy geld en klere gevat en hom daar vir dood laat lê.

31 “Toevallig stap 'n priester 'n rukkie later daar verby. Maar toe hy die halfdooie man daar sien lê, het hy aan die ander kant van die pad verbygestap en gemaak of hy hom glad nie sien nie.

32 “Die priester was skaars weg of daar stap 'n Leviet verby, iemand wat in die tempel diens gedoen het. Maar hy het ook gemaak of hy nie die gewonde man raaksien nie en het verder gestap.

33 “Toe kom daar 'n Samaritaan verby. En, soos jy weet, is die Samaritane en die Israeliete nie vriende nie. Maar hierdie Samaritaan het gaan stilstaan om te kyk wat die beseerde man makeer. Toe hy sien hoe die arme man lyk, het hy hom baie jammer gekry.

34 Hy het dadelik die medisyne uitgehaal wat hy by hom in sy tas gehad het en die man se wonde skoongemaak. Hy het hom toe verbind en versigtig op sy donkie getel. Die Samaritaan is toe na die naaste herberg toe. Daar het hy die man in die bed gaan sit en hom versorg.

35 “Die volgende oggend moes die Samaritaan verder reis. Hy sê toe vir die eenaar van die herberg: ‘Hier is geld om vir daardie siek man se verblyf te betaal. Sorg asseblief goed vir hom. As die geld te min is, sal ek later die res kom betaal. Ek kom binnekort weer hier oorslaap wanneer ek van my reis af terugkeer.’

36 “Sê My, wie van hierdie drie mans was 'n medemens vir daardie arme man wat onder die rowers deurgeloop het? Wat dink jy?” het Jesus toe vir die kenner van die wet gevra.

37 Hy antwoord toe: “Ja, wel, seker daardie een wat goedge doen het aan die man wat aangerand is.” “Mooi so! Gaan doen jy nou presies dieselfde as hy. Word 'n medemens vir elkeen met wie jy elke dag te doen het, maak nie saak wie of wat hulle is nie,” het Jesus geantwoord.

TPT

30 Jesus replied, “There was once a *Jewish* man traveling from Jerusalem to Jericho when bandits robbed him along the way. They beat him severely, stripped him naked, and left him half dead.

31 “Soon, a Jewish priest walking down the same road came upon the wounded man. Seeing him from a distance, the priest crossed to the other side of the road and walked right past him, not turning to help him one bit.

32 “Later, a religious man, a Levite, came walking down the same road and likewise crossed to the other side to pass by the wounded man without stopping to help him.

33 “Finally, another man, a Samaritan, came upon the bleeding man and was moved with tender compassion for him.

34 He stooped down and gave him first aid, pouring olive oil on his wounds, *disinfecting them* with wine, and bandaging them to stop the bleeding. Lifting him up, he placed him on his own donkey and brought him to an inn. Then he took him from his donkey and carried him to a room for the night.

35 The next morning he took his own money from his wallet and gave it to the innkeeper with these words: ‘Take care of him until I come back from my journey. If it costs more than this, I will repay you when I return.’

36 So, now, tell me, which one of the three men who saw the wounded man proved to be the true neighbor?”

37The religious scholar responded, “The one who demonstrated kindness and mercy.”

Jesus said, “Go and do the same as he.”

Wie is ons naaste?

- *Ons naaste is Luk 10:37 – “Word ’n medemens vir elkeen met wie jy elke dag te doen het, maak nie saak wie of wat hulle is nie.”*

2. Wat se voetspore trap jy in die storm?

Joh 13:1-7

1953

Jesus was die voete van sy dissipels.

1EN voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe.

2En gedurende die maaltyd — die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskariot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verrai —

3het Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan,

4van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak.

5Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.

6Hy kom toe by Simon Petrus en dié sê vir Hom: Here, gaan U my voete was?

7Jesus antwoord en sê vir hom: Wat Ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan.

DB

Dien mekaar soos Jesus die voorbeeld gestel het

1Die paasfees was net om die draai. Jesus het besef die tyd het gekom om terug te gaan na sy Vader toe. Dit was nie vir Hom maklik nie. Hy het baie gehag geraak aan sy getroue volgelinge hier op aarde. Hy was baie lief vir hulle.

2Daardie aand het Jesus saam met sy groepie getrouste volgelinge geëet. Die duiwel het toe al klaar vir Judas oortuig om Jesus in die rug te steek.

3Dit het Jesus nie bang gemaak nie. Hy het van God af gekom en moes nou teruggaan. Boonop het Hy alles onder beheer gehad. Daarvoor het God gesorg.

4Jesus staan toe op en bind 'n handdoek om sy middel vas.

5Hy maak toe 'n bak vol water en begin sy volgelinge se voete een vir een was. Met die handdoek om sy lyf droog Hy hulle voete af.

6Hy kom toe by Simon Petrus. Voor Hy nog kon begin, val Petrus weg: “Here, wil U nou regtig my voete staan en was?”

7“Petrus, dit mag nou vir jou snaaks lyk dat Ek so iets wil doen,” sê Jesus, “maar gee 'n bietjie kans; al hierdie dinge sal wel later vir jou sin begin maak.”

TPT

Jesus Washes Feet

1Jesus knew that the night before Passover would be his last night on earth before leaving this world to return to the Father's side. All throughout his time with his disciples, Jesus had demonstrated a deep and tender love for them. And now he longed to show them the full measure of his love.

2Before their evening meal had begun, the accuser had already deeply embedded betrayal into the heart of Judas Iscariot, the son of Simon.

3Now Jesus was fully aware that the Father had placed all things under his control, for he had come from God and was about to go back to be with him.

4So he got up from the meal and took off his outer robe, and took a towel and wrapped it around his waist.

5Then he poured water into a basin and began to wash the disciples' dirty feet and dry them with his towel.

6But when Jesus got to Simon Peter, he objected and said, "I can't let you wash my dirty feet—you're my Lord!"

7Jesus replied, "You don't understand yet the meaning of what I'm doing, but soon it will be clear to you."

Joh 13:18

1953

Ek spreek nie van julle almal nie — Ek weet wie Ek uitverkies het — maar dat die Skrif vervul kan word: Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig.

DB

Ek praat nie van julle almal nie. Ek ken julle goed, want Ek het julle as my vriende gekies. In die Skrif staan: 'Die een wat saam met My geëet het, het my seer geskop.' Julle sal dit sien waar word.

TPT

"I don't refer to all of you when I tell you these things, for I know the ones I've chosen—to fulfill the Scripture that says, 'The one who shared supper with me treacherously betrays me.'

- *As jy 'n keuse kon hê, wat sou jy in jou laaste ure op aarde doen?*
- *Wat het Jesus gedoen? Hy het sy dissipels se voete gewas. Hy gee vir Judas wat hom sou verraaï, nog 'n geleentheid.*
- *Jesus is heir om te dien. Wys my voetspore of ek hier is om Jesus te dien.*

Gal 5:25

1953

As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.

DB

Die Gees het ons splinternuut gemaak. Daarom moet ons toelaat dat Hy elke dag ons lewe bestuur. Hy moet besluit wat ons dink en sê en doen.

TPT

If the Spirit is the source of our life, we must also allow the Spirit to direct every aspect of our lives.

- *As jy 'n goeie voetspore wil los, lewe deur die gees.*
- *Heilige Gees was bietjie my voete asb!! Sodat ek kan weet om die regte voetspore te trap.*

BELOFTE

Jes 52:7

1953

OE lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!

AMPLIFIED

How beautiful and delightful on the mountains Are the feet of him who brings good news, Who announces peace, Who brings good news of good [things], Who announces salvation, Who says to Zion, "Your God reigns!"

DB

Dit sal wonderlik wees wanneer iemand van die berge af die goeie nuus uitroep. Hy sal die wonderlike nuus bring van vrede en van bevryding. Hy sal vir Sion sê: "Jou God regeer!"

KJV

How beautiful upon the mountains are the feet of him that bringeth good tidings, that publisheth peace; that bringeth good tidings of good, that publisheth salvation; that saith unto Zion, Thy God reigneth!

JY BRING GOEIE NUUS VIR MENSE. GOD SEËN JOU!